# ECHO OF HIS CALL

ECHO OF HIS CALL REACHING NATIONS SINCE 1969 — 1969 TO 2029

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

**Vol. XIX** YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2025 OCTOBER **No. 04**


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**PSALM 29:1-9**

1. Prys die Here, julle hemelinge! Prys die Here om sy eer en mag!
2. Prys die Here om die eer van sy Naam! Buig voor die Here by sy heilige verskyning!
3. Die stem van die Here weerklink oor die waters. Dit is die magtige God wat die weer laat dreun; die Here self is op die groot waters!
4. Die stem van die Here is magtig, die stem van die Here is vol majesteit.
5. Die stem van die Here kloof die seders van die Libanon oop.
6. Hy laat die Libanon bokspring soos 'n kalf en die Sirjon soos 'n jong bees.
7. Die stem van die Here laat weerlig uitslaan.
8. Die stem van die Here laat die woestyn bewe. Die Here laat die Kadeswoestyn bewe.
9. Die stem van die Here laat die wildsbokke ruk van skrik; dit stroop die bosse kaal. In sy paleis roep almal uit: "Hoe geweldig!"

# SEWE GEHEIME
## van jou Geseënde Toekoms !!

**SEVEN SECRETS of your blessed future!!** *Van Sus. Angel*



Groete in die Naam van ons Heer en Verlosser Jesus Christus.

Dit is vir my 'n groot vreugde om julle elke maand te ontmoet deur **Echo of His Call** tydskrif. Ek vertrou en hoop dit gaan goed deur God se genade. Party van ons mag dalk nie nou so goed voel nie, maar die feit dat jy die tydskrif begin lees het, is 'n geloofstap. Onthou, God is steeds in beheer. Dit is nie verby nie behalwe as Hy sê dis verby.



Die afgelope weke het die woorde "bewaar j ouself" gedurig op my hart gedruk. Ek het begin lees en nadink daaroor en wil graag sommige gedagtes daaroor met jou deel.

Die Bybel leer ons om onsself op te pas. Dit beteken beskerm, waaksaam wees, versigtig, bewus van wat rondom ons aangaan. Kom ons kyk na 'n paar belangrike areas waaroor ons waaksaam moet wees.

### 1. Bewaak jou Hart!

**Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.** (Spreuke 4:23).

....verv. op.bls. 3




**Echo of His Call**

***YouTube Christian Channel !***

**Jy sal die geleentheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

**Elke dag – From 2.00 vm**

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

* Please Subscribe and Share *

# ECHO OF HIS CALL - (Marching towards 60th year)

## van julle geliefde broer...





**Ja, ek sal weer vir Hom 'n loflied sing.
Hy is my helper en my God - (Psalm 42:11).**

**Ons Sendingopdrag**

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

HON. EDITOR-IN-CHIEF
Rev. Dr. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.
EX MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
GENERAL MANAGER
Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM., MBA.
ADMINISTRATION
Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)
EDITORIAL BOARD
Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
Rev. Dr. William Robert, Ph.D., DD, D.Lit.

EDITOR, PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858
95661 31858
E.MAIL
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.org
YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call

Liewe vriende in die Here,

Groete vir julle in die kosbare Naam van ons Verlosser en Heer, Jesus Christus!

Dit is waar dat God ons soms toelaat om deur moeilike omstandighede te gaan om so ons karakter te bou en ons nader aan Hom te trek. Ons sien in Psalm 42 hoe Dawid deur so 'n seisoen gaan. Hy het deur berge en valleie geswerf, van wildernis tot rivieroewers, met 'n swaar hart en sy gees wat worstel vir vrede. Maar tog, midde in dit alles, het hy sy eie gees aangemoedig om dieper in God te vertrou.

Om 'n dieper geloof te hê beteken om God te prys in jou pyn, om Hom te glo in chaos, jou te verbly in Hom in worstelings, en vas te hou aan sy waarheid selfs in die donkerste nag. Dit was ook my persoonlike ervaring, en ek glo die Here wil julle daardeur bedien.

As hoop die wortel is, is lof die vrug. Lof en aanbidding verdiep die wortel van ons geloof. So, as jy teleurstelling beleef, moenie moed verloor nie, moenie ophou hoop nie! Hou vas! Wees dapper!!! **Plaas jou hoop in God.** Jy vra dalk: "Hoe hoop ek in God?" My antwoord is eenvoudig: Doen wat Dawid gedoen het.

"Ja, ek sal Hom weer loof." Loof Hom tydens siekte. Loof Hom met dankbaarheid, selfs as jy oorweldigende geldelike krisis het. Hy sal nie toelaat dat jy in skande gebring word nie. Dis maklik om te prys as alles goed gaan – dit is dankbaarheid. Maar lofprysing wanneer alles oënskynlik teen ons is, is die merkteken van vaste hoop. God geniet sulke geloof.

So was dit in Dawid se lewe. God het sy vyande verslaan en wat hy verloor het herstel. Dieselfde met Job. Al het Job alles verloor, het God hom teen die einde geseën met 'n dubbele porsie. Die Skrif sê: **... en die Here het Job se gebed verhoor** (Job 42:9). Die Tamil vertaling hiervan sê: **Die Here God het Job in die gesig gekyk!** Wat 'n geseënde ervaring! En net so sal God ook vir jou sorg. Stel jou hoop in Hom, en jy sal sy goedheid sien.

God seën ons bedienings oorvloedig. Waarlik, **die Here is my Herder, ek kom niks kort nie** (Psalm 23:1). Ek glo dat in hierdie maand die Here vir jou en my sal salf met soveel genade dat ons met vertroue sal kan verklaar: Ek sal nie onder diegene wees wat kortkom nie.

Asseblief, hou aan om vurig vir die bedienings van **Echo of His Call** te bid, en ondersteun ons met hulp en samewerking soos die Here vir jou voorsien.

Mag die Here julle ryklik seën!

In Christus Jesus, julle dienaar,

*PAST. S. SAM SELVA RAJ,* E-pos: : sam@echoofhiscall.org

Our Ministries: ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) YouTube Ministry Online Courses Theological Correspondence Courses (2 languages) Church Planting Nehemiah Bible Colleges Gospel Printing Press Great Commission Partners St. Paul's Matriculation School Crusades Community Development

...Contd. from page 1

Die Hebreeus vir "hart" is "leb", en dit verwys na die setel van ons gevoelens, gedagtes en emosies. Dis die plek waar ons dink, redeneer en besluite neem. Daarom benadruk die Bybel dat ons ons hart moet beskerm – want die toestand van jou hart vorm die koers van jou hele lewe.

Ons hart definieer wie ons is. Dit is die ingewikkeldste orgaan van ons bestaan – moeilik te verstaan, dikwels verby ons eie begrip. Daarom het Dawid gebid: "Deurgrond my, o God," want ons hart kan ingewikkeld wees, bedrieglik, en onseker. Net die Skepper kan dit behoorlik ondersoek, sy verskuilde boosheid oopvlek, en dit reinig.

God sien nie net ons harte se sondigheid nie, maar ook die pyn en littetekens wat dit nalaat. Die Psalmdigter vra: **Toets my, Here, keur my, ondersoek my deur en deur** (Psalm 26:2). Ons motiewe en aksies is soms uit koers. Wat vir ons reg en suiwer lyk kan heeltemal anders wees in God se oë, want "die Here weeg die gees."

Die Skrif herinner ons: **Ek, die Here, deurgrond en toets hart en verstand, Ek laat die mens kry wat hy verdien, wat hom toekom vir wat hy doen** (Jeremia 17:10). Daarom moet ons versigtig waak oor wat ons harte beïnvloed.

Die Bybel maan ons tot **veral versigtigheid met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.** (Spreuke 4:23). En so ook Spreuke 23:7 wat sê: **Soos 'n man in sy siel bereken, so is hy.**

Liewe kinders van God, wees waaksaam en wakker oor wat in jou hart inkom – deur sosiale media, boeke wat jy lees, rolprente wat jy kyk, of gesprekke waaraan jy met vriende deelneem. Elke invloed maak saak, want jou hart stuur uiteindelik die rigting van jou lewe.

## 2. Bewaak jou Mond!

As ons sê mond, is die tong ook ingesluit – en dit is 'n kragtige wapen.

**So is die tong ook maar 'n klein liggaamsdeeltjie, en tog het dit groot mag. 'n Klein vuurtjie kan 'n groot bos aan die brand steek. Die tong is ook 'n vuur, 'n wêreld vol ongeregtigheid, die deel van die liggaam wat die hele mens besmet. Dit steek die hele lewe ... aan die brand, ...** (Jakobus 3:5-6).

Wat uit ons mond kom kan 'n persoon opbou of afbreek. Daarom is dit belangrik dat ons die krag van ons woorde verstaan.

Dikwels sê ons dinge in woede en verskoon onsself later deur te sê "ek het dit nie bedoel nie". Te veel kere beskou ons diegene wat ons die meeste liefhet as vanselfsprekend, gebruik hulle om ons woede en frustrasies en teleurstellings op uit te laat. Maar meestal kom dit baie kras en krenkend oor.

Hoe baie het ons al ons woede uitgestort oor iemand wat nie eens enigsins kon terug veg nie?

**DIE BYBEL WAARSKU ONS:**

**Wie sy mond en sy tong in toom hou, hou hom uit gevaar** (Spreuke 21:23). En die psalmis het 'n innige gebed gebid: **Sit 'n wag voor my mond, Here, hou tog wag oor wat ek sê** (Psalm 141:3).

Mag dit ook ons gebed wees. En oordink elke woord voordat dit by jou mond uitkom.

## 3. Versigtig waar jy gaan!

**Wie opreg lewe, dien die Here; wie krom paaie loop, het nie eerbied vir die Here nie** (Spreuke 14:2).

Elke tree wat ons stap rig ons na ons bestemming. Daarom moet ons versigtig wandel, mooi kyk waar ons voete trap en watter rigting ons mik.

Dit is belangrik om bewus te wees van waarheen ons gaan en vir watter doel ons gaan. Te veel kere reken ons op ons eie sterktes en swakhede, en besef nie dat net een verkeerde tree kan ons ver weg lei van waar God ons wil hê. Soms kan dit selfs jare vat om weer terug te kom, en dit kos ons kosbare tyd en beroof ons van God se seëninge op ons tog.

## BAIE DRINGENDE KENNISGEWING!




Daar mag onvermydelike onderbrekings kom in die posversending van **Echo of His Call** in die nabye toekoms. As jy **Echo of His Call** steeds wil ontvang sonder onderbreking, stuur asseblief vir ons jou naam, adres, e-pos, en WhatsApp nommer in 'n brief, e-pos, oproep of SMS of WhatsApp-boodskap so gou moontlik.

Jou hulp hierin help ons om jou beter te dien.

**Ons adres:**

**ECHO OF HIS CALL,**
10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005, India
Cell: (+91) 98412 71858 / 98410 71858 E.mail: sam@echoofhiscall.org

Daarom is dit wys om ons planne voor God te bring en dit te rig volgens sy wil. Spreuke 16:9 herinner ons: **'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop.** Ons God is die Alfa en Omega, Hy ken die verlede, die hede en die toekoms. Hy sien ons suksesse en ons mislukkings. Wanneer ons alles in sy hande toevertrou kan ons seker wees sy planne is altyd goed, want Hy is innig lief vir ons. Hy het sy lewe vir ons gegee, weer opgestaan, en nou roep Hy ons op om sy soewereiniteit te vertrou.

Laat ons so bid: **Laat u woord my op die regte pad hou; moet tog nie dat enige kwaad die oorhand oor my kry nie** (Psalm 119:133). Al my jong vriende, ek wil julle sterk aanspoor om julle lewensrigting aan die Here toe te vertrou. Jy sal nooit spyt wees nie.

## 4. Waak teen Gierigheid!

Die lyn tussen ambisie en hebsug is baie dun. Doelgerigtheid kan gesond wees, maar gierigheid is vernietigend. Jesus het Self gewaarsku: **"Toe sê Hy vir hulle: "Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid, ..."** (Lukas 12:15). Die Oxford Woordeboek sê van "greed": "'n oormatige begeerte vir meer rykdom, besittings of mag as wat nodig is, of 'n sterk verlange na meer kos of drank as wat nodig is." Let op: oormatig, sterk begeerte, meer as wat nodig is. Dit is wat hebsug onderskei van ambisie.

Die Bybel leer ons om tevrede te wees, die teenoorgestelde van gierigheid of altyd meer te wil hê. **Hou julle lewe vry van geldgierigheid; wees tevrede met wat julle het. God self het gesê: "Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie"** (Hebreërs 13:5).

Ons tevredenheid rus nie daarop om alles wat ons begeer reg voor ons te hê nie. Nee, dit rus op kennis van die God wat die hele wêreld en al sy rykdom in sy hande hou. Hy het die mag om elke situasie te beheer en alles ten goede te laat meewerk. Hy het belowe om ons nooit te versaak of alleen te laat nie. Hy sal ons nooit halfpad in die steek laat nie, maar ons getrou deur help. So, ons kan Hom voluit vertrou.

As God nie sy enigste Seun gespaar het nie, maar Hom gegee het om ons te bevry van sonde en vervloeking, hoe sal Hy dan nie sorg vir al ons behoeftes nie? **Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?** (Romeine 8:32).

Liewe broers en susters, hou moed, Hy is Jahweh Jireh – ons Voorsiener. Hy kan vir al ons behoeftes voorsien volgens sy rykdom en heerlikheid. Hou vas aan Hom, vertrou Hom, en Hy sal jou seën met hemelse oorvloed.

Een van die grootste gevare waarteen ons onsself moet beskerm is geldgierigheid. **Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad** (1 Timoteus 6:10). Die Skrif herinner ons ook: **Die mens vir wie geld alles is, het nooit genoeg geld nie; die mens vir wie rykdom alles is, kry nooit genoeg in nie. Ook hier kom dit tot niks** (Prediker 5:9). 'n Hart gerig op rykdom kan nooit tevrede wees nie.

Maar verstaan mooi: die probleem is nie geld nie. Ons het dit nodig om te lewe, hard te werk, ons gesinne te versorg. Maar as die gejaag na geld ons geestelike lewe verarm, of ons gesin, of ons toewyding aan God se Koninkryk, raak dit gevaarlik. As 'n werk vereis dat jy tyd saam met God of ander mense opgee, of dit meng in met jou wandel met Hom, is dit tyd om in gebed daardie werk te heroorweeg.

## 5. Waak oor wat aan jou toevertrou is!

**Timoteus, bewaar wat aan jou toevertrou is** (1 Timoteus 6:20). Dink aan wat God alles aan jou toevertrou het. Beskerm dit teen invloede van buite, dinge soos jou gesin, jou werk, jou geld, jou roeping, jou salwing, jou bediening, ... Bewaak dit met jou lewe!

Moenie wees soos die slaaf met die een talent nie. God begeer dat ons dit wat Hy vir ons gee sal vermenigvuldig. Versorg wat jy het en gebruik dit getrou. En dan is dit ook belangrik om wat God aan jou toevertrou het aan te stuur. Dit Skrif sê: **Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer** (2 Timoteus 2:2).

Liewe vriende, ons is geroep om ander te onderrig in wat God vir ons gedoen het: ons kinders, die volgende geslag, diegene rondom ons. Laat iets agter wat sal aanhou om God te verheerlik.

....verv. op.bls. 7

**NOTICE**

Save our mobile numbers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (main numbers) in your mobile phones.

- Editor

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

**GEBEDSPUNTE - 2025 Oktober 19 Tot 2025 November 18**

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## Prys God vir ...

**Oktober 19** ➲ Voorsiening in die behoeftes van diegene betrokke by die druk van Bybels en Christelike literatuur wêreldwyd.

**Oktober 20** ➲ Sy beskerming van ons Mede-redakteurs en hul helpers.

**Oktober 21** ➲ Ons Senior Pastoor se toewyding om die Evangelie te versprei deur verskeie bedienings.

**Oktober 22** ➲ Die voorreg om ook ander bedienings te ondersteun.

**Oktober 23** ➲ Sy seën oor ons Mede-redakteurs en hul gesinne.

**Oktober 24** ➲ Nuwe studente by ons Sondagskool se Kinderprogramme by **St. Paul Matrikulasieskool**.

**Oktober 25** ➲ Die groei van ons **Bybel Korrespondensiekursus** en **Teologiese Korrespondensiekursus**.

**Oktober 26** ➲ Ons ondersteuners en hul betrokkenheid in die bediening.

**Oktober 27** ➲ God se guns op ons Gebedsvennote, Ingeskrewe Vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opragvennote saam met hul gesinne.

**Oktober 28** ➲ Sy gunstige sorg vir die gladde funksionering van **Nehemia Bybelkollege**.

**Oktober 29** ➲ Die groei van Jeugbediening in ons hoofkerk.

**Oktober 30** ➲ Sy seën op ons sendelinge en hul gesinne.

**Oktober 31** ➲ God se seën op die Manne-byeenkoms by ons hoofkerk.

**November 01** ➲ Sy voorsiening vir al ons geldelike en geestelike behoeftes die afgelope maand.

**November 02** ➲ Ons Evangelie-drukpers en toegewyde werkers wat deurentyd werk.

**November 03** ➲ God se leiding in al ons bedienings.

## Bid asseblief vir ...

**November 04** ➲ Dissipline en toewyding van die studente by ons Inwonende en Aandklas **Nehemia Bybelkollege**.

**November 05** ➲ Eenheid en vrede onder alle nasies.

**November 06** ➲ Die welsyn van **Echo of His Call** gelowiges en hul gesinne in die Hoofkerk en suster gemeentes.

**November 07** ➲ Beskerming van kinders en jongmense teen die strik van dwelmmiddels.

**November 08** ➲ Die gesondheid en veiligheid van ons Hulpredakteurs en hul gesinne.

**November 09** ➲ Die uitwissing van kinderhandel in die wêreld.

**November 10** ➲ Magtige wonderwerke en tekens in oorvloed by alle Christen bedienings.

**November 11** ➲ Ons Vennote, Staatskoördineerders en hul gesinne.

**November 12** ➲ Verligting van die ekonomiese resessie wat groot dele van die wêreld benadeel.

**November 13** ➲ 'n Gefokusde visie om God se Koninkryk op aarde te bou.

**November 14** ➲ Die ekonomiese opheffing van afgeremde en uitgerangeerde gemeenskappe.

**November 15** ➲ God se beskerming oor sendelinge wêreldwyd.

**November 16** ➲ Elke nasie se leiding deur Godvresende leiers.

**November 17** ➲ Voorsiening in ons geldelike behoeftes rondom salarisse, drukker materiaal, posgeld en vervoer in ons bedienings.

**November 18** ➲ Verligting van alle gelowiges se harte.


# SPESIALE GELEENTHEDE

## Prestasie Toekennings!

Toekennings aan presteerders is gedoen aan ons medewerkers: Sus. Nagajothi, Agnes, en Sus. Mary Magdalene - op April 27 2025, vir hul getrouheid, harde werk en opmerklike prestasies in elkeen se professie en bedienings. Die pryse is toegeken deur **Echo of His Call Ministries.**

## Honeursdoktorsgraad in Bediening Pryse!

Die Doktorsgraad in Bediening is toegeken aan Senior Advokaat N. Balaji, Ds. Mothis Vinoth, en Sus. Angeline Selvakumari Henry op 10 Augustus 2025. Hierdie toekennings is vir hul opregtheid, getrouheid en toegewyde diens in God se bediening deur **Echo of His Call Bedienings**..





*Senior Advocate N. Balaji, Rev. M. Mothis Vinoth and Sis. Angeline Selvakumari Henry got Doctorate in Ministry*

## 57ste Verjaarsdag van Echo of His Call




*Rev. Dr. Stephen Devakumar and Rev. Dr. J. D. Charles - Special Speakers*

## Bedienings!

Spesiale byeenkomste is gehou om die 57ste jaar of **Echo of His Call Bedienings** te vier op 10 Augustus 2025, by ons Hoofkerk. Ds. Dr. Stephen Devakumar en Ds. Dr. J. D. Charles was die gassprekers. Die samekomste het God se Naam verheerlik.

## Kindertoewyding!

'n Kinder-toewydingsdiens is gehou vir Jabez Jevaan, seun van Bro. Mohan & Sis. Rachel, en Benetic, seun van Bro. Simson & Sis. Esther..



*Benetic son of Bro. Simson & Sis. Esther.*



*Jabez Jevaan, son of Bro. Mohan & Sis. Rachel*

## NBC Dip.Th. en B.Th. Kursusse!

Diploma in Teologie (Dip.Th.) en Baccelareus in Theology (B.Th.) kursusse is ingewy by die **Nehemia Bybelkolleges** in Chepauk en by Santhoshapuram om studente toe te rus en te bekragtig vir effektiewe bediening.



*Nehemiah Bible College students in Chepauk*



*Nehemiah Bible College students in Santhoshapuram*


**NEHEMIAH BYBELKOLLEGES**

Chepauk & Santhoshapuram, Velachery Chennai.

**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**

HAAS JOU VIR TOELATING!

Medium : Tamil (Part Time)
Hindi (Residential) (Sponsorship Available)

Diploma in Theology

Bid asb. vir

Erken deur Internasionale Christenleiers &Senior pastore vir die afgelope 56 jaar

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858

E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

....verv. op.bls. 4

## 6. Beskerm jou Wandel sodat jy goed eindig en die Beloning ontvang!

Baie mense begin goed, maar iewers langs die pad verloor hulle fokus. Volharding is nodig om te voleindig. Daaglikse getrouheid in Bybel lees, of bid, dien, goeie dinge doen is dinge wat saak maak.

Ek het onlangs 'n jong man ontmoet wat vertel het dat hy graag met Jesus wandel maar sukkel om balans te hou. Soms voel hy so naby God dat hy ure saam met Hom deurbring met Bybel lees, gebed, aanbidding, luister na evangelie-liedere en boodskappe. Maar ander dae is sy gemoed net so af dat hy skaars sy Bybel wil oopmaak of net daaraan dink. Hy het my gevra hoe hy hierdie worsteling kan hanteer.

Sommige van julle voel dalk net so. Ek het vir hom gesê: dit is 'n valstrik en jy moet daar uitkom. Die enigste manier is deur 'n doelbewuste keuse: om aan te hou, getrou te bly, en vorentoe te beur maak nie saak hoe jy voel nie.

Soms sal jy doelbewus moet optree, nie omdat jy so voel nie maar omdat dit nodig is. Dit mag party kere lyk asof ons net voorgee, maar in werklikheid is ons besig om te oefen. Volharding vra dissipline, en dissipline moet doelbewus wees, anders gaan jy die teiken mis.

Daarom leer die Bybel ons om te voltooi wat jy ook al begin het, want net dan kan ons die beloning ontvang vir ons pogings. **Julle moet toesien dat julle nie verloor wat ons voor gewerk het nie, maar dat julle die volle loon ontvang** (2 Johannes 1:8).

Mag die Here ons versterk sodat ons die wedloop getrou kan

....verv. op.bls. 9

## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, **Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**
**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal wordinons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: elbiesmith3@gmail.com**
**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## GOD ANTWOORD DIE GEBED VAN DIE SWAKKE!



Deur die genade van God het ek my Evangeliebediening begin met opleiding in bediening, traktaatverspreiding, gebedsbyeenkomste en preek uit die Woord in Kerke.

Byna niemand het my herken as 'n dienaar van God nie, want ek was jonk en nuut in hierdie veld. Meer nog was geld 'n groot hindernis vir my om aan te gaan met die bediening. Gevolglik moes ek elke dag myle ver loop om aan te gaan met die diens. Lang staptogte en honger ly was deel van my bediening. Daar was groot behoefte aan geld om te kon bedien en toerusting daarvoor te kon aankoop.

Van die begin van my bediening af was ek baie vas oortuig om nie vir enige soort ondersteuning te vra by vriende en familie nie. Want God moes voorsien vir sy werk waarvoor Hy my geroep het. En Hy het my gehelp om tot vandag toe by hierdie beginsel te bly. Maar om daarby te bly het gemaak dat ek onbeskryflike moeilikhede en uitdagings moes beleef.

Dit het my geestelik en fisies geaffekteer, tot so 'n mate dat ek 'n sekere omstandigheid nie kon hanteer nie. 'n Familielid, mnr. Swarnaraj, het probeer om vir my 'n werk te kry by die regering se Departement van Vervoer, en 'n dienaar van God, br. Collins by Palapallam, Mathicode en 'n vriend van my het probeer om vir my 'n werk te kry in 'n privaat firma. Beide pogings was nodeloos.



Terwyl ek op 17.05.1971 in so 'n situasie gevas het, het die Gees van die Here my duidelik gelei om te bid vir 'n permanente werk. Die gevolg was dat ek 'n sterk oortuiging gekry het van woorde: "in 'n maand se tyd sal Ek vir jou 'n permanente werk gee waarmee jy kan lewe". Soos die Skrif dit sê: **En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra** (1 Johannes 5:14-15). In geloof dat ek 'n nuwe werk gekry het, het ek elke moontlike voorbereiding daarvoor getref. Baie het my aksies gesien en begin wonder oor my geestelike toestand. Maar dit het my nie gesteur nie, want ek het God heelhartig geglo.

Dag vir dag het ek opgewonde die posbode ingewag. Na 'n volle maand verby was, presies op 18.06.1971 is ek poskantoor toe in geloof in God. Toe



mnr. Nellaiappan, die posbode, my sien, het hy gewys daar is niks vir my nie. Maar ek het gehou aan God se belofte en daar gesit en gebid. Tot my groot verbasing het die posbode binne minute gesê: "Sam, hier is 'n geregistreerde brief vir jou, teken en ontvang dit."

Toe ek dit oopmaak, sien ek dit is die aanstellingsbrief van die **Tamil Nadu Openbare**





***Afskeid deur mnr. A. Shenbagam B.E., Hoof Inspekteur van Fabrieke met my kollegas toe ek die Regeringswerk verlaat het in 1994***



***My kollegas toe ek my Regeringswerk verlaat het - 1994***

**Dienste-kommissie** in Chennai se kantoor, om by die Departement van Arbeid in te skakel. Dit was die gevolg van my eksamen van 'n paar jaar gelede. Dit is verhaas deur my vurige gebed, en 'n wonder het gebeur. Ja, gebed is 'n wonderlike geestelike wapen.

Baie bly het ek Chennai toe gegaan en die werk begin. Die grootste deel van my salaris het ek belê in my bediening. Weens die genade van God en die guns van mense het die regering spesiale toestemming verleen dat ek my bediening kon voortsit saam met my regeringswerk. Later, in 1994, het die Here my beveel om hierdie werk te verlaat en voltyds in die bediening te werk. Ek het Hom gehoorsaam en voltyds die bediening voortgesit.

Ons God is goed! Hy is betyds! Hou stewig vas aan Hom!! Jy sal suksesvol wees!!! Hy waak vandag vurig oor jou.

**Gee aan hulle vrede en voorspoed, Here, want hulle het hulle vertroue op U gestel** (Jesaja 26:3).

*************

....verv. op.bls. 7

hardloop. Hy sal ons in staat stel om die werk te voltooi waarvoor Hy ons geroep het, sodat ons ons loon kan ontvang wanneer Hy met trompetgeskal terugkom!

## 7. Waak teen hulle wat God se Woord teenstaan!

Laastens leer die Skrif ons om waaksaam te wees teen diegene wat God se Koninkryk teenstaan. Paulus waarsku vir Timoteus: **Jy moet ook vir hom op jou hoede wees, want hy het ons prediking heftig teengewerk** (2 Timoteus 4:15).

Die Bybel leer ons: **As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense** (Romeine 12:18). Maar soms verdra ons maar net, in die gemeente en in die gemeenskap, diegene wat die eenheid van Jesus se liggaam bedreig. En tog sien ons juis hier hoe Paulus enigeen wat werk teen God se Woord en werk, ernstig aanspreek.

Hy leer ons ook om onsself op te pas, waaksaam te wees, en noulettend te bly teen vals leringe. Die Bybel het ons al gewaarsku dat in die laaste dae baie leringe aangebied sal word om mense se gemoedere en begeertes streel eerder as om die waarheid te praat. Predikers vermy dikwels die waarheid uit vrees dat mense in die gemeente kan aanstoot neem. Die gevolg is oral allerlei kompromieë.

Dikwels verstom ek my oor Petrus se vrymoedigheid toe hy gesê het **"'n mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense!"** (Handelinge 5:29). Die vraag is: hoeveel leiers en gelowiges is deesdae gewillig om so 'n stelling te maak? Het ons die moed om teen enige oormag te staan? Kan ons openlik sê: "ek aanvaar nie hierdie persoon of besluit nie omdat dit teen God se Woord is"?

Juis in hierdie verband roep God ons in hierdie laaste dae om onsself op te pas.

Liewe vriende, ons het nagedink oor sewe areas waar die Bybel ons leer om te waak oor ons lewe. My gebed is dat God vir ons die wysheid en moed sal gee om onsself te beskerm en vas te staan op sy Woord, want sy koms is baie naby.

God seën julle almal!

*************

**ERROR**

In our August 2025 Article first page, first para, we mentioned as 75th Independence Day celebration wrongly instead of 79th Independence Day. - Chief Editor

Posted at "Egmore RMS Patrika Channel" RNI TC NO. TNAFR/2007/21215

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

## ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.org

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS Patrika Channel"
on 4th OCTOBER 2025
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

## *JESUS HET JOU LIEF!*

To

**GOD SEËN JOU!**

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**